STERREWAG NASKOOL

ALGEMENE INLIGTING

Laerskool Elarduspark Sterrewag Naskoolsentrum bied 'n veilige omgewing vir u kind as tuiste om huiswerk te doen asook om te speel. Ons sentrum grens aan die skool se rugbyvelde. Ons studieklasse word in graad verband aangebied, elke graad in 'n klas met 'n juffrou wat help met die huiswerk. Ons is 'n span van 21 dames wat met elke kind 'n verhouding bou. Ons bied kwartaalliks 'n geleentheid vir pret en plesier aan, boeresport, stalletjies en vele meer is op ons spyskaart. Sterrewag Naskool is tydens skoolvakansies oop, behalwe oor die Desembervakansie. Ons bied die geleentheid om by die snoepie etes te bestel vir in die middae, maar ouers is ook verantwoordelik om eie middagetes te voorsien.

DOEL VAN NASKOOL

Ons poog om elke kind so te help dat al die huiswerk gedoen is voordat hulle huis toe gaan, sodat daar in die aand tyd saam met die ouers spandeer kan word.

Ons vergader kwartaalliks met die skool se personeel sodat ons op hoogte is van die werk wat gedoen moet word en die studie-dames is ten volle voorbereid vir elke middag se studieklas. Ons poog om ons klassies nie groter as 15/16 leerders te maak nie, wat meebring dat ons 2 tot 3 klassies per graad het tot en met Graad 5.

HOEKOM U KIND BY STERREWAG NASKOOL INSKRYF?

By Sterrewag Naskool leer leerders om selfdissipline toe te pas en dat harde werk beloon word. Leerders leer roetine aan wat hul help om eendag selfstandige volwassenes te wees wat hul werk pligsgetrou en met ywer voltooi.

Sterrewag kry kleur

STERREWAG
Elarduspark